**BELANGRIKE HERINNERING!!**

Registrasie vir **SETA Vaardigheidsprogramme** en Legacy Kwalifikasies/Leerderskappe sal op 30 Junie 2024 eindig. Hierna sal die QCTO in werking tree. Daar word verstaan dat daar 'n "teach-out" tydperk van 3 jaar sal wees vir die voltooiing van kwalifikasies, solank registrasie voor 30 Junie geskied.

Ten einde enige SETA Vaardigheidsprogramme en Legacy Kwalifikasies/Leerderskappe te voltooi, moet u seker maak dat alles in plek is voor die afsnydatum. Alhoewel daar nog baie vrae en onsekerhede is rondom hierdie veranderinge en die impak hiervan op besighede, word werknemers aangemoedig om nie paniekerig te raak nie, maar eerder proaktief op te tree. Lees asb die artikel onder wat opsies aan werknemers verduidelik.

The QCTO deadline explained - what employers need to know and do - South African Business Integrator (sabusinessintegrator.co.za)

**Vaardigheidsontwikkeling: Die QCTO se impak op Opleiding en Indiensneming in Suid-Afrika**

Die QCTO (Quality Council for Trades and Occupations) het 'n drukkende kwessie binne die Suid-Afrikaanse opleidingsstelsel herken, veral in die lig van die stygende werkloosheidskoers. Dit het gelei tot die besef dat die huidige stelsel daarin faal om vaardige individue, teen die nodige tempo en skaal, te verskaf. Om dit aan te spreek, implementer die QCTO beduidende veranderinge in die wyse waarop vaardigheidsontwikkeling benader word.

Sleutel veranderinge:

- Gestandaardiseerde Kwalifikasies: QCTO kwalifikasies sal nou uniform wees regoor alle sektore. Dit beteken dat 'n kwalifikasie wat in een sektor verkry is, ook in ander sektore erken sal word.
- Belyning met NQF Vlakke: QCTO sertifiserings sal met National Qualifications Framework (NQF) vlakke belyn word, en verhoogde geloofwaardigheid en relevansie in die werksmark.
- Drie-deel Struktuur: QCTO sertifiserings sal uit drie komponente bestaan: teoretiese leer, praktiese vaardigheidsopleiding en 'n finale assessering. Hierdie is in teenstelling met die vorige SETA stelsel, wat meer gefokus het op klaskamer leer en werkservaring.

Ten spyte van aanvanklike verwagtinge dat QCTO die SETAs sou vervang, sal die SETAs voortduur tot in 2030. Hulle sal egter nuwe verantwoordelikhede aanpak onder die QCTO stelsel.

HOPKINSCOETZEE ASSOCIATES (PTY) LTD
REG No 2000/019645/07
VAT: 449 0213 727
DIRECTORS: GM HOPKINS & & JW HOPKINS

57 Main Road La Concorde Paarl 7646
POSTNET SUITE 258 PRIVATE BAG X15 SOMERSET WEST 7129
TEL: (INT +27) 021-863 0830 • FAX:(INT +27) 21 863 0906 • E-MAIL: info@hopcal.co.za

Tydlyn:

- Oorgangsperiode: Die oorgang van SETA na QCTO het in Junie 2023 begin, met die uitfasering van SETA legacy kwalifikasies.
- Grasie periode: Verskaffers van opleiding het tot Junie 2024 om leerders onder SETA in te skryf. Na hierdie datum sal alle registrasies onder die QCTO stelsel val.
- Nakoming: Nakoming van die nuwe akkreditasie proses is noodbelangrik vir besighede om 'n veilige werksomgewing te behou.

Hierdie veranderinge sal nie net die wyse waarop vaardigheidsontwikkeling aan SETA's gerapporteer word affekteer nie, maar sal ook 'n impak hê op die besigheid se BEE telkaart. Besighede moet hierdie veranderinge verstaan en moet daarby aanpas om hulle gewensde uitkoms te verseker.